018 299 1878 | sapikinfo@gmail.com
South African Professional Institute for Kinderkinetics
Suid-Afrikaanse Professionale Instituut vir Kinderkinetika
NPC Reg nr: 2015/047186/08

NOTULE VAN SAPIK ALGEMENE JAARVERGADERING, wat plaasgevind het op Saterdag, 25 Mei 2019 te Potchefstroom, Gebou K3 G-01.

REGISTRASIE

Lede registreer vir VPO punte. Agt en negentig lede het die vergadering bygewoon wat voldoende was vir ’n kworum, terwyl 12 lede verskonings ingedien het.

OPENING

Mev. Alretha du Plessis open met skriflesing en gebed.

VERWELKOMING

Prof. Dané Coetzee verwelkom almal en bedank hul vir hul teenwoordigheid.

UITSTALLERS

Prof. Dané Coetzee dui aan dat daar twee uitstallers is wat by die vergadering uitstal, naamlik: SA Toy Trade en Pick a Toy Store. Prof. Dané Coetzee dui ook aan dat die uitstallers in die gimnastieksaal opgestel is en dat SAPIK lede asseblief na die uitstallings moet gaan kyk gedurende teetyd.

GOEDKEURING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP 26 MEI 2018.

Die notule van 2018 se ledevergadering word aan die lede voorgehou. Prof. Dané Coetzee dui aan dat spelfoute nagegaan en gekorrigeer moet word. Mev. Louise Van Biljon dui aan dat sy die foute wat sy opgetel het in die notule aan die SAPIK administratiewe beampte sal stuur. Dr. Monique de Milander dui aan dat die notule aanvaar kan word as die ware en getroue weergawe van 2018 se ledevergadering en Me. Gizelle Kruger sekondeer die aanvaarding.

VASSTELLING VAN DIE AGENDA

Prof. Dané Coetzee dui aan dat die agenda ’n oop agenda was en die lede het tot en met die 15de April 2019 kans gehad om enige punte vir bespreking aan SAPIK te stuur, waarna die agenda gesluit het. Prof. Dané Coetzee dui verder aan dat vandag se agenda ‘n geslote agenda is. Daar was slegs een punt vanaf ’n SAPIK lid wat op die agenda geplaas is, naamlik punt 5.1 op die agenda. Hierdie punt sal dan by punt 5.1 op die agenda bespreek word.

1. PRESIDENTSVERSLAG

Prof. Dané Coetzee dui aan dat die SAPIK raad elke 3 jaar nuwe doelwitte opstel vir SAPIK en dat hierdie die huidige doelwitte was vir 2016 tot 2019. Prof. Dané Coetzee begin deur die doelwitte aan die lede voor te lees wat die SAPIK raad opgestel het vir die afgelope 3 jaar. Prof. Dané Coetzee dui aan dat die raad se doelwitte die volgende was:

- *To register as a Professional body at SAQA;*
- *To keep our registration as a Professional body at SAQA;*
- *To maintain current and establish new national and international collaboration with other professional bodies;*
- *To ensure that all the policies and guidelines of SAPIK are improved and revise on a regularly basis to comply with SAQA’s requirements;*
- *To accomplish similar professional educational standards regarding the minimum requirements as set out in the Scope of Practice of Kinderkinetics at all the training institutions;*
- *To establish a Board at SAPIK that can facilitate and accomplish a working relationship with Kinderkineticists (practitioners) with regards to their needs in a professional manner;*
- *To maintain and ensure a sound and healthy monetary position*;
- *To maintain a high degree of ethical standards;*
- *To expand SAPIK in a professional manner through uniform marketing;*
- *To develop and implement guidelines and procedures for national and international marketing;*
- *To improve and refine the CPD accreditation system within SAPIK;*
- *To accomplish transformation with in the set parameters of national governance in SAPIK and;*

- *To provide information to SAPIK board members of the importance of signing the Code of Conduct Policy (Council) and adhere to it.*

Prof. Dané Coetzee lees aan die lede voor wat die Raad alreeds bereik het:

- *The designation of "Kinderkineticist" was registered at SAQA for the next 5 years;*
- *SAPIK did our first data load for SAQA;*
- *SAPIK updated different procedures and policies that can improve different managing processes of SAPIK;*
- *During the past year, numerous policies and guidelines of SAPIK has been updated or are being updated;*
- *The first SAPIK Indaba (Bosberaad) for new elected committee and board members was planned and will be held this weekend;*
- *The Constitution of SAPIK was revised and accepted;*
- *Currently SAPIK is maintaining a healthy bank balance. Our Liquidity fund is also standing strong;*
- *SAPIK is addressing the challenges around academic training and internship training of Kinderkineticists in the proposed 4-year degree and the differences between the different universities (3+1 vs 4 years degrees of qualifications);*
- *SAPIK improved our transformation plan in the academic sector;*
- *SAPIK is finalizing the scope of practice of a Kinderkineticist;*
- *Training in test batteries was once again given to members;*
- *Training committee developed all the newsletters and pamphlets for the marketing week;*
- *We started with the new CPD accreditation system within SAPIK;*
- *SAPIK accredited articles have been placed on the web 3 times this year;*
- *The CPD online application has been refined and updated;*
- *Regularly updating of the list of CPD opportunities including workshops, articles and giving other opportunities like the Business Savvy and the online articles to accumulate CPD points;*
- *A complete application has been set to follow when members want to develop a Kinderkinetics workshop;*
- *CPD Regulation document was finalized;*
- *SAPIK will conduct the third CPD audit;*

- *A new learning activity record form has been developed that the members need to submit each year if the SAPIK member is selected for an audit;*
- *The ethical and disciplinary procedures and professional assistance with ethical procedures of SAPIK has been updated and new ethical guidelines were developed. These inlude:*
  - *SAPIK board members and committee members,*
  - *Code of conduct;*
  - *Disclaimer;*
  - *Job descriptions for board and committee members;*
- *SAPIK updated their logo in 2018 in order to be in line with SAQA's requirements;*
- *The ethical committee handled 10 cases in a professional and efficient manner;*
- *SAPIK conducted practice visits;*
- *SAPIK's second national awareness campaign took place from the 8-12 April 2019;*
- *All the marketing materials (articles, newsletters, pamphlets, pictures) was accredited and provided by SAPIKthat was used during the national awareness campaign;*
- *Website was updated regularly;*
- *4th Marketing video was made but still needs to be finalized;*
- *SAPIK gave the opportunity for members to order marketing materials and;*
- *Most productive/active practice during the national marketing week.*

Me. Gizelle Kruger vra of SAPIK lede die "endorsements" se logo's op hul praktyke se bemarkingsmateriaal mag gebruik en Prof. Dané Coetzee dui aan dat dit gedoen mag word. So ook met die SAQA logo. Prof. Dané Coetzee noem dat die jaarverslag enige tyd beskikbaar is en dat die lede welkom is om dit van die SAPIK kantoor aan te vra.

2. SAPIK KONSTITUSIE

Prof. Dané Coetzee dui aan dat daar gedurende die afeglope jaar veranderinge aan die SAPIK konstitusie gemaak is en dat dit deur SAQA goedgekeur is. Die SAPIK konstitusie is saam met die Algemene Jaarlikse Vergadering (AJV) se agenda aan die SAPIK lede gestuur om daardeur te lees vir goedkeuring.

3. STAANDE KOMITEES

Prof. Dané Coetzee dui aan dat elke komitee voorsitter die geleentheid gaan kry om meer te verduidelik wat in elke komitee gebeur en verander het in die afgelope jaar.

3.1 OPLEIDINGSKOMITEE

3.1.1 TRANSFORMASIE BINNE SAPIK

Mev. Wilmarié du Plessis dui aan dat SAPIK ’n transformasieplan in plek moes stel om aansoek te doen om by SAQA te kon registreer. Mev. Wilmarié du Plessis dui ook aan dat SAPIK die transformasieplan opgestel het en dat daar die afgelope jaar baie daaraan gewerk is. Mev. Wilmarié du Plessis noem egter dat SAQA versoek het dat daar aksieplanne in plek gestel moet word om beter transformasie binne SAPIK te behaal. Mev. Wilmarié du Plessis dui aan dat SAQA in 2020 weer ’n her-evaluering gaan doen om te kyk of SAPIK wel aan hierdie vereistes voldoen het. Sy vra dat indien die SAPIK lede enige voorstelle het oor hoe SAPIK hul lede getalle kan verhoog ten opsigte van rasse wat tans nie groot op hul transformasie lys is nie, hul dit gerus vir SAPIK kan aanstuur. SAPIK gaan in die loop van 2019 kommunikasie uitstuur waarin lede hul voorstelle hiervoor kan indien.

3.1.2 KINDERKINETIKA: SCOPE OF PRACTISE

Mev. Wilmarié du Plessis dui aan dat daar voortdurend aan die “Scope of Practice” dokument gewerk word, om te verseker dat die beste moontlike weergawe van die dokument beskikbaar is. Die “Scope of Practice” dokument is ’n baie belangrike dokument vir SAPIK, aangesien dit aan Kinderkinetici verduidelik wat hulle mag en nie mag doen binne hul beroep. Hierdie

dokument is ook een van die vereistes van SAQA waaraan SAPIK moet voldoen om geregistreerd te kan bly by SAQA. Mev. Wilmarié du Plessis noem ook dat Prof. Anita Pienaar aan ’n artikel gewerk het waarvan ’n gedeelte in hierdie dokument gevoeg is. Die SAPIK raad beoog om die finale dokument aan die lede bekend te stel teen die einde van 2019 alhoewel daar deurentyd opdaterings aan die dokument gemaak sal word in die toekoms.

3.1.3 PRAKTYKBESOEKE - NWU HONNEURSSTUDENTE

Mev. Wilmarié du Plessis dui aan dat daar hierdie jaar slegs vanuit die Noord Wes Universiteit (NWU) studente in opleiding gestuur gaan word om praktyke te besoek. Mev. Wilmarié du Plessis noem dat die SAPIK raad wel gehoor gegee het aan die versoek van 2018 van SAPIK lede dat die praktykbesoeke se tydgleuf eerder geskuif moet word. Hierdie jaar se besoeke gaan dus net na afloop van die Junie vakansie gedoen word – die eerste week na die skoolvakansie. Mev. Wilamrié du Plessis dui aan dat opleidingsinstansies baie staat maak op die SAPIK lede om hul praktyke beskikbaar te stel om die studente vir ’n week te akkommodeer vir hierdie praktykbesoeke. Mev. Wilmarié du Plessis dui aan dat daar reeds ’n epos vanuit die SAPIK kantoor gestuur is wat SAPIK lede vra om hul praktyke beskikbaar te stel vir die studente en sy bedank die SAPIK lede wat wel hul praktyke beskikbaar gestel het vir hierdie doel. Mev. Wilmarié du Plessis verduidelik dat hierdie week baie belangrik is vir die studente omdat hulle praktiese ervaring opdoen wat hulle nie by die opleidingsinstansies kan kry nie. Sy rig ’n versoek op al die praktyke om hulself in die toekoms beskibaar te stel vir hierdie doel sodat die studente meer praktiese ondervinding kan opdoen van hoe dinge in die praktyke werk ten opsigte van administrasie en die finansiële aspekte van praktyke.

3.1.4 OPLEIDING VAN TOETSBATTERYE

Mev. Wilmarié du Plessis dui aan dat daar weer hierdie jaar geleentheid gaan wees vir SAPIK lede wat navraag gedoen het oor opleiding in toetsbatterye. Sy noem dat opleiding gewoonlik plaasvind in die tweede semester van die jaar. Mev. Wilmarié du Plessis vra dat lede wat graag toetsbattery opleiding wil doen, dit aan SAPIK moet kommunikeer voor die einde van Junie, sodat SAPIK dan op hul beurt opleidingsdatums aan die lede bekend kan maak. Mev. Wilmarié du Plessis herinner die SAPIK lede dat die opleiding nie net in Potchefstroom plaasvind nie, maar wel by ander opleidingsinstansies (UFS and US) ook. Mev. Wilmarié du Plessis noem

ook dat die Noord Wes Universiteit elke jaar aan die begin van die jaar met die honneurs studente toetsbattery opleiding doen en as SAPIK lede belang stel, hul meer as welkom is om hierdie sessie by te woon. Sy noem ook dat wanneer die lede kom vir die toetsbattery opleiding, hul alreeds in die besit moet wees van die spesifieke toetsbattery waarvoor die opleiding is.

3.1.5 BEWUSMAKINGSWEEK: NUUSBRIEWE EN PAMFLETTE

Mev. Wilmarié du Plessis dui aan dat sy graag die Opleidingskomitee en ander raadslede wat betrokke was by die opstel van die nuusbriewe en pamflette wil bedank vir hul bydrae hierdie jaar. Die Bewusmakingsweek van 2019 was ’n groot sukses. Sy spreek ook haar dank uit aan Mev. Francelle Kemp van die Bemarkingskomitee wat ’n groot bydrae gelewer het ten opsigte van die ontwerp van die nuusbriewe en pamflette.

3.2 PRAKTYKFORUM

3.2.1 KOSTESTRUKTUUR

Prof. Dané Coetzee dui aan dat daar ’n nuwe kostestruktuur vir 2019 opgestel is. Prof. Dané Coetzee dui ook aan dat die kostestruktuur elke jaar met 10% verhoog om min of meer by die inflasiekoers aan te pas, alhoewel die SAPIK raad opgemerk het dat die pryse hierdie jaar dalk te laag mag wees. Prof. Dané Coetzee verduidelik dat daar ’n minimum en ’n maksimum berdag is wat praktyke per les kan hef. Prof. Dané Coetzee dui aan dat sy in hierdie vergadering aan elke SAPIK lid ’n leë kostestruktuur gaan gee wat die SAPIK lede self moet invul om aan SAPIK ’n idee te gee wat die prysaanvraag in die praktyke in landelike asook stedelike gebiede is. Mev. Louise Van Biljon stel voor dat lede gebruik kan maak van die elf of twaalf maande reël van betaling. Hiervolgens gaan SAPIK dan ’n nuwe kostestruktuur opstel wat op die SAPIK webtuiste gelaai gaan word.

3.2.2 PRAKTYKBESOEKE

Prof. Dané Coetzee dui aan dat daar weer hierdie jaar ewekansig praktyke gekies gaan word om besoek te word. Prof. Dané Coetzee dui ook aan dat praktyke van nou af enige tyd in die jaar besoek kan word en die besoek nie gebonde gaan wees aan ’n sekere tydperk nie. SAPIK

lede wat by hierdie Algemene Jaarlvergadering gekies gaan word om op komitees en die SAPIK raad te dien, se praktyke gaan beslis besoek word asook al die opleidingsinstansies. Prof. Dané Coetzee dui aan dat die praktyk twee weke voor die tyd in kennis gestel gaan word oor watter raadslid jou praktyk gaan kom besoek en wat die kriteria is waarvolgens jou praktyk geëvalueer gaan word. Prof. Dané Coetzee noem dat die praktykbesoeke nie plaasvind om SAPIK lede se foute uit te wys nie, maar eerder om die lede te help om volgens die etiese reëls en omvang van praktyke korrek en eties op te tree. Prof. Dané Coetzee dui ook aan dat indien daar lede is wat nie gekies word vir praktykbesoeke nie, maar wat wel voel dat hul 'n praktykbesoek by hul praktyke wil laat doen, hul welkom is om SAPIK in kennis te stel en so 'n praktyk sal dan besoek word. Prof. Dané Coetzee verduidelik aan die SAPIK lede dat daar verskillende kriteria gaan wees waarvolgens praktyk besoeke gedoen gaan word ten opsigte van opleidingsinstansies en praktyke sowel as praktyke en Kinderkinetici wat by skole praktiseer.

3.3 FINANSIËLE KOMITEE

3.3.1 FINANSIËLE VERSLAG 2018

Mnr. Barry Gerber stel die finansiële verslag van 2018 aan die lede bekend en verduidelik elke afdeling. Hy dui aan dat die finansiële verslag van 2018 beskibaar is vanuit die SAPIK kantoor indien enigiemand dit wil nagaan. Mnr. Barry Gerber dui aan dat SAPIK in 2018 'n surplus bedrag van R89 435.67 gemaak het en dat 'n groot gedeelte daarvan na SAPIK se likwiditeitsrekening oorgeplaas is. Tabel 1 dui 'n opsomming van 2018 se begroting aan:

Tabel 1: Opsomming van 2018 se begroting

Budget Summary 2018		
Income	*R208860.00*	*R265 147.18*
Salaries	*R76 960.00*	*R78 872.60*
Marketing	*R10 000.00*	*R2 150.00*
Running Cost	*R13 324.00*	*R6 753.02*

Assets	*R10000.00*	*R0.00*
Professional expenses	*R103 380.00*	*R78 716.49*
TOTAL INCOME	*R208860.00*	*R265 147.18*
TOTAL EXPENCES	*R213664.00*	*R175 711.51*
Surplus	*-R4804.00*	*R89 435.67*

3.3.2 FINANSIËLE GE-OUDITEERDE VERSLAG 2018/2019

Mnr. Geber noem dat die finansiële jaar vanaf einde Februarie tot einde Maart van die volgende jaar is, maar dat SAPIK se begroting vanaf Januarie tot en met Desember werk en daarom die twee surplusse verskil. Mnr. Barry Gerber dui ook aan dat SAPIK se ouditeure tans nog besig is met die finansiële ge-ouditeerde verslag van 2018/2019 en dat dit binnekort beskikbaar sal wees vanuit die SAPIK kantoor indien die SAPIK lede dit wil deurgaan. Mnr. Barry Gerber dui aan dat SAPIK ook ’n finansiële ge-ouditeerde verslag vir 2017/2018 laat doen het omdat SAQA dit van SAPIK vereis het. In die verlede het SAPIK slegs geouditeerde state van hul ouditeurs laat doen, maar in die toekoms gaan SAPIK finansiële ge-ouditeerde verslae moet laat doen. Mnr. Barry Gerber noem dat hierdie verlsae ook beskikbaar is vanuit die SAPIK kantoor indien enigiemand daarna wil kyk. Mnr Gerber noem ook dat SAPIK hierdie jaar ’n registrasie fooi van R10 000.00 aan SAQA moes betaal.

3.3.3 BEGROTING 2019

Mnr. Barry Gerber som 2019 se begroting op, verwys na Tabel 2:

INCOME		
Kinderkineticist 175 x R1100	*R192 500.00*	*R204 746.03*
Kinderkineticist in training + Assistant in training 40 x R160	*R6 400.00*	*R4 510.00*
Rent income: Current account	*R600.00*	*R374.62*
Rent (Liquidity)	*R10 000.00*	*R4 760.98*
Fines 4 x R400	*R1 600.00*	*R1 600.00*
Business Savvy	*R15 000.00*	*R18 900.00*

CPD	*R10 000.00*	*R4 100.00*
Other income	*R500.00*	*R18 571.91*
Petty cash income	*R400.00*	*R1 800.00*
	(R237 000.00)	*(R259 636.54)*
SALARIES		
Administrative officer *12 x R6 350.00* *WVF (1% of salary)*	*R76 200.00*	*R25 200.00*
	R770.00	
	(R76 970.00)	*(R25 200.00)*
MARKETING		
Marketing	*R15 000.00*	*R2 550.00 (Ivyline-pamflets)* *R830.00 (Wristbands SAPIK)* *R18 850.00 (Purchce of Wristbands)* *(R22 230.00)*
Other	*R0.00*	
ASSETS		
Assets	*R12 000.00*	*R135.00 (Multiplug)* *(-R135.00)*
RUNNING COSTS		
Banking fees	*R2 000.00*	
Internet banking R130x12	*R1 560.00*	
	(R3 560.00)	*R 1490.85*
Website	*R3 600.00*	*R1 152.40*
(R300 x12)		
Telephone expenses		*R0.00*

Cellphone airtime (R80.00x12)	*R960.00*	
SAPIK phone line cost (R127.00 x 12)	*R1 524.00*	
	(R2 484.00)	

<u>Office expenses</u> *(Cartridges, paper, stationary)*	*R4 000.00*	*R1 295.00* *(Ink)* *R291.70* *(Printing paper)* *(R1 586.70)*
PROFESSION EXPENCES		
SAPIK registration certificates *(R20/certificate's x 40 new registrations)*	*R800.00*	*R48.30* *(Planet stationary)* *R64.99* *(Karton)* *R108.5* *(Printing)* *(R221.79)*
Auditors fee	*R10 000.00*	*-R700.00* *(SAPIK License)* *-R3 225.75* *(Audited statement 17/18)* *-(R3 925.75)*
Legal fees	*R8 000.00*	*-R0.00*
Petty cash	*R1000.00*	*-R1 800.00*
Travel allowance for board members *(R800.00 per meeting x 4 meetings)*	*R3 500.00*	*-R1 658.00*
Board meetings food and beverages (10 x R100pp) x 4 meeting	*R4 000.00*	*-R1 136.98*
Meeting expenses (AGM) *(Food and beverages @ R75pp x 100 members)*	*R7 500.00*	*-R7000.00* *(New board, lodging)*

		(R7 000.00)
Business Savvy expenses	*R15 000.00*	*-R768.00 (Lodging Dr Terry Nunes) (R768.00)*
Professional liability insurance (PIFRS)	*R45 000.00*	*-R0.00*
Unforeseen expenses *Accreditors*	*R2 500.00* *R2 500.00*	*-R600.00 (SAQA meeting expense)* *-R1 092.00 (SAQA fuel expense)* *-R1 780.00 (Marking of CPD articles)* *(-R3 472.00)*
Sapik Insurance (Assets and liability cover) R300 x 12	*R3 600.00*	*-R0.00*
SAQA Registration	*R30 000.00*	*-R10 000.00*
Budget Summary 2018		
Income	*R236 600.00*	*R259 363.54*
Salaries	*R76 970.00*	*R25 200.00*
Marketing	*R15 000.00*	*R22 230.00*
Running cost	*R13 644.00*	*R4 229.10*
Assets	*R12 000.00*	*R135.00*
Professional expenses	*R133 500.00*	*R28 982.52*
TOTAL INCOME	*R237 000.00*	*R259 363.54*
TOTAL EXPENSES	*R236 129.00*	*R80 776.52*
SURPLUS	*R871.00*	***TBA December 2019***

Mnr. Geber dui aan dat SAPIK hierdie jaar ’n nuwe skootrekenaar asook ’n selfoon gaan aankoop. Mnr. Barry Gerber noem ook dat SAPIK nog nie Professional Liability Insurance (PIFRS) vir hierdie jaar betaal het nie, omdat SAPIK nog wag vir die fraktuur van PIRFS. Mnr. Barry Gerber stel die SAPK lede gerus dat hul wel nogsteeds gedek is vir Professional Liability Insurance.

3.3.4 HUIDIGE FINANSIËLE STAND 2019

Tabel 3: Hudige finansiële stand vir 2019

INCOME		***R259 363.54***
Membership fees	*R 204 746,03*	
Students in training	*R 4 510,00*	
Rent income (Current)	*R374,62*	
Rent income (Liquidity)	*R 4 760,98*	
CPD income	*R 4 100,00*	
Penalties	*R 1 600,00*	
Other income	*R 18 571,91*	
Business Savvy	*R 18 900,00*	
Petty cash income	*R 1800.00*	
EXPENSES		*-R 78 741.18*
General expenses	*-R 50 250,33*	
Banking fees	*-R 1 490,85*	
Salaries	*-R 25 200,00*	
Petty cash expenses	*-R1800.00*	
Surplus		*R 7 052.11*

Current Bank Balance (20 May 2019)		*R 328 004.77*
Liquidity account (20 May 2019)		*R 200 458.70*
Petty cash		*R 2 870.00*
SAPIK total financial assets on 20 May 2019		***R531 333.47***

Mnr. Barry Gerber som die huidige finansiële stand van SAPIK op soos in tabel 3. Mnr. Barry Gerber dui aan dat SAPIK in die laaste vyf dae baie spandeer het as gevolg van die uitgawes vir die Algemene Jaarlvergadering, Business Savvy en die Bosberaad.

3.4 ETIEK KOMITEE

Me. Gizelle Kruger noem vooraf aan die lede dat a.g.v. die aard van die portefeulje, daar nie geleentheid gaan wees om vrae te vra nie. Me. Gizelle Kruger dui aan dat indien lede onseker is oor van die punte dat hulle dit tydens ete met haar kan bespreek of gebruik kan maak van die anonieme klagte stelsel wat aanlyn beskikbaar is. Sy vra ook dat indien daar SAPIK lede is wat gebruik maak van die anonieme klagtes wat aanlyn beskikbaar is, en terugvoering verlang, hul asseblief hulle name by die klagte moet voeg sodat SAPIK terugvoering aan die persoon kan gee.

3.4.1 VPO ETIEK ARTIKELS

Me. Gizelle Kruger dui aan dat die eerste VPO artikel geleentheid vir 2019 alreeds uitgestuur is en dat die afsnydatum daarvan 25 Mei 2019 is. Sy dui aan dat die SAPIK raad moontlikhede ondersoek vir meer geleenthede om etiese VPO punte te verdien.

3.4.2 AANPASSING VAN DIE ETIESE RIGLYNE

Me. Gizelle Kruger dui aan dat die etiese riglyne ’n lywige dokument is wat voortdurig verander. Sy dui ook aan dat die veranderinge wat onlangs plaasgevind het oor die volgende handel:

- SAPIK se logo wat in 2018 opgedateer is (SAQA vereiste);
- Die nuwe SAPIK logo moet in gebruik wees deur alle SAPIK lede teen die einde van 2021;
- SAPIK lede word dus genoeg tyd gegun om hul bemarkingsmateriaal in plek te kry met die nuwe SAPIK logo;
- Lede mag gebruik maak van plakkers om de nuwe SAPIK logo op hul bemarkingsmateriaal te vertoon;
- SAPIK lede mag geensins toetsbatterye van ander lede leen of huur om te gebruik vir hul eie gewin nie - SAPIK sal hierdie saak as bedrog beskou;
- Artikel geleenthede is drie keer per jaar beskikbaar;
- SAPIK lede kan etiese asook geakkrediteerde VPO punte verdien met hierdie drie geleenthede;
- Die slaagsyfer vir die VPO artikels is 80%;
- Koste beloop R100.00 per artikel;
- SAPIK komminikeer hierdie atikel geleenthede deur middel van eposse asook op die SAPIK webtuiste;
- Afsny datums van die artikel geleenthede word ook aan SAPIK lede gekommunikeer en
- Geen laat inhandigings van artikels sal deur SAPIk aanvaar word nie.

Me. Gizelle Kruger noem dat SAPIK lede geensins aan die SAPIK logo mag verander om by hul praktyk se bemarkingsmateriaal in te pas nie. Sy noem dat dit beteken dat die SAPIK logo verander word en dat dit nie toelaatbaar is nie.

3.4.3 VRYWARING

Me. Gizelle Kruger dui aan dat SAPIK ’n vrywaringsdokument opgestel het wat raads- en komiteelede asook SAPIK personeel vrywaar van enige aanspreeklikhede. Nuut verkose raads- en komitee lede gaan na die SAPIK verkiesing hierdie doukument onderteken.

3.4.4 VERBETERING VAN SAPIK SE ETIESE DOKUMENTE

Me. Gizelle Kruger dui aan dat SAPIK se “Code of Conduct” dokument ook hersien is die afgelope jaar.

3.4.5 ETIESE SAKE

Me. Gizelle Kruger dui aan dat daar 10 etiese sake hierdie jaar aangemeld en hanteer is. Sy noem dat al die betrokke persone ’n etiese brief ontvang het waarop hulle binne 2 werksdae ontvangs moes bevestig. Verder verduidelik sy dat in die meeste gevalle die persone gereageer het op die etiese briewe en dat die sake as afgehandel beskou word. Me. Gizelle Kruger versoek dat SAPIK lede asb. enige onetiese optredes aan SAPIK moet rapporteer, hetsy dit deur epos is of die anonieme klagtes stelsel.

3.4.6 TOEKOMSTIGE BESPREKINGSPUNTE

Die volgende punte word steeds ondersoek en bespreek:

- Die identifisering van etiese artikels vir VPO geleenthede;
- Die hersiening van die Etiese riglyne (soos nodig) en
- Etiese sake

3.5 VPO KOMITEE

3.5.1 VPO-OUDIT

Mev. Alretha du Plessis dui aan dat daar voortaan elke jaar ’n VPO oudit gedoen gaan word en nie meer net elke drie jaar soos in die verlede nie. Mev. Alretha du Plessis dui aan dat al die ou- en nuwe raadslede asook nuwe komitee lede hierdie jaar geoudit gaan word. Sy noem ook dat al die opleidingsinstansies geoudit gaan word. Die SAPIK president en ander SAPIK lede gaan ook gekies word vir die VPO oudit. Mev. Alretha du Plessis dui aan dat SAPIK lede geoudit gaan word vir die termyn wat stryk vanaf Maart 2018 tot Maart 2019 en dat lede ’n totaal van 26 VPO punte moet hê (20 geakkrediteerde en 6 etiese VPO punte). Sy noem dat slegs 2017 se ekstra punte na 2018 oorgedra mag word. Geen punte mag van 2018 oorgedra word na die volgende jaar nie. Indien lede gebruik maak van hul 2017 VPO punte, dan sal hul vir die jaar 2017 ook geoudit word. Die oudit proses gaan as volg verloop:

- SAPIK lede ontvang ’n brief in September 2019 om hul in kennis te stel dat hul gekies is vir die VPO oudit;

- SAPIK lede moet hul VPO lêer in Oktober 2019 inhandig;
- Terugvoering geskied in Desember 2019.

Wat SAPIK lede vir die VPO Oudit moet inhandig is die volgende:

- Voltooide leeraktiwiteitsrekord-vorm;
- Aangehegte SAPIK VPO sertifikate;
- Geen ander sertifikate sal aanvaar word nie;
- SAPIK lede moet aansoek doen by SAPIK vir hul VPO sertifikate.

Indien SAPIK lede nie voldoen aan die vereistes vir die VPO oudit nie, gaan die volgende gebeur:

- *Step 1: Ethical letter and 6 months extension;*
- *Step 2: Second ethical letter, pay fine, 3 months extension;*
- *Step 3: A remedial programme of continuing education and training as specified by the SAPIK Board;*
- *Step 4: An examination as determined by the SAPIK Board. The board will determine if a theoretical or practical examination shall be completed. The SAPIK board will also determine the pass rate;*
- *Step 5: Suspension from the register for a period of time as determined by the SAPIK Board or working under supervision at own practice;*
- *Step 6: Any other action considered as relevant as recommended by the SAPIK Board.*

3.5.2 VPO REGLEMENT AANPASSINGS

Mev. Alretha du Plessis dui aan dat die VPO reglement dokument op die SAPIK webtuiste beskikbaar is. Sy dui aan dat hierdie dokument in Januarie en November 2016 opgedateer is en dat die nuutste weergawe goedgekeur is deur die raad en binnekort op die SAPIK webtuiste gelaai gaan word.

3.5.3 VPO PUNTE AANPASSINGS

Mev. Alretha du Plessis verduidelik hoe die nuwe VPO sisteem werk. Mev. Alretha du Plessis verduidelik die volgende aan die SAPIK lede:

- Vir noodhulp kursusse gaan SAPIK lede die helfde etiese en die ander helfde geakkreidteerde punte kry, maar nie meer as 8 punte per dag nie;
- Vir praktykbesoeke gaan SAPIK raadslede etiese punte kry;
- Vir die VPO oudit gaan SAPIK raadslede wat die oudit toepas, etiese punte kry en
- Komitee lede kan tot en met 5 VPO punte per jaar verdien afhangende van hul betrokkenheid by hul onderskeie komitees.

Mev. Alretha du Plessis dui aan dat VPO punte wat in Januarie en Februarie van ’n jaar verdien word, wel mag tel as VPO punte vir die VPO jaar van Maart tot Maart vir die volgende jaar, mits die vorige jaar se VPO punte alreeds voldoende is.

3.5.4 LEERAKTIWITEITSREKORD-VORM

Mev. Alretha du Plessis dui aan dat SAPIK lede nie meer ’n VPO lêer hoef te hê nie. SAPIK lede kan al hul leeraktiwiteite op die leeraktiwiteitsrekordvorm aandui vir 3 agtereenvolgende jare en dit saam met die VPO sertifikate vir die VPO oudit inhandig. Mev. Alretha du Plessis noem ook dat dit nie SAPIK se verantwoordlikheid is om rekord te hou van SAPIK lede se leeraktiwitite nie. Dit is belangrik dat SAPIK lede aansoek doen by SAPIK vir ’n VPO sertifikaat na afloop van ’n wekswinkel of kursus wat hul voltooi het. ’n Voorbeeld van ’n leeraktiwiteit rekordvorm word aan die SAPIK lede voorgehou.

3.5.5 AANBIEDING VAN WERKSWINKELS

Mev. Alretha du Plessis verduidelik die volgende punte vir die aanbieding van werkswinkels aan die SAPIK lede:

- *Developing own workshop – follow CPD guidelines*
- *Accreditors = responsibility of accrediting a learning activity (AppendixA)*
- *Service providers = Accredited service providers / SAPIK service providers (AppendixB)*
- *Accredited service providers = Tertiary training institutions, Professional associations*

- *Learning activity valid for a year*
- *SAPIK service providers = Individual SAPIK members*
- *Learning activity valid for the amount of time determined by the accreditors.*

Before the CPD learning activity is presented, send the following to CPD committee:

- *Name and number of the Accredited Service Provider that will present the activity;*
- *The topic of the activity;*
- *Category of the activity;*
- *The number of CPD points that have been allocated for the activity;*
- *The dates (commencement and completion) of the activity;*
- *The protocol for attendees to formally evaluate the learning from the CPD event and the potential influence on their performance;*
- *Template of the attendance certificate to be issued to attendees;*
- *An attendance record that reflects the names and SAPIK registration numbers of all of the attendees (from commencement to completion of the activity);*
- *Where relevant, the programmeof the activity/application and*
- *Required to make the proposed activity public together with its CPD points. The proposed activity should be made public at least 2 months before the activity is presented.*

During the CPD learning activity:

- *The activity should take place as advertised;*
- *Attendees will formally evaluate the learning from the CPD event and the potential influence on their performance;*
- *Attendance certificate to all practitioners who attended the CPD activity /or on completion of a series of events. If these are not available on the day or on completion of the event the certificate/s should be sent to attendees within one month and*
- *The Accredited Service Provider / SAPIK Service Provider shall keep a record that reflects attendance at the entire event / completion of activity and should retain these for a period of three years after the activity as these may be required in a compliance audit.*

After the CPD learning activity:

- *Keep record of attendance that will be held for a period of three years after the activity has been presented / completed;*
- *A list of attendees will be send to the CPD committee, if a SAPIK member, they will receive 1 CPD point per hour for presenting;*
- *Accredited Service Providers shall submit, on a monthly basis, a list of CPD activities that will be presented to the CPD Committee;*
- *Accredited Service Providers shall submit annually, to the SAPIK Board or its designated Accreditor, the following information with regard to the CPD activities presented in the previous year:*
  - *A list of all activities presented/completed*
  - *An indication of the potential for the learning activity to enhance professional performance*
- *Extension of accredited service provider status will not be considered in the absence of this report.*

Mev. Alrteha du Plessis dui die aansoek proses vir die aanbieding van werkswinkels aan:

- *Complete S7/S7 (a) (Powerpoint)*
- *Groupwork*
- *Follow SAPIK service provider application.*
- *Minimum of 6 practitioners.*
- *Group discussion should be advertised to all SAPIK members.*
- *Group discussions include:*
  - *Case studies with a minimum of three meetings per year.*
  - *Interest group meetings with a minimum of three meetings per year.*
- *Ethical disclaimer*
- *Hosting workshops, eg: KWANDA workshops*

3.5.6 ARTIKELS

Mev. Alretha du Plessis dui aan dat daar drie VPO artikel geleenthede per jaar beskikbaar is. Koste vir elke VPO geleentheid is R100.00 per artikel. Die slaagsyfer vir hierdie artikel geleenthede is 80% per artikel en SAPIK lede moet ’n plagiaat verklaringsvorm saam met die voltooide artikels instuur. Datums vir 2019 se artikel geleenthede is as volg:

- Eerste geleentheid: 25 Februarie 2019 tot 25 Mei 2019
- Tweede geleentheid: 26 Mei 2019 tot 26 Augustus 2019;
- Derde geleentheid: 27 Augustus 2019 tot 27 November 2019.

Geen laat inhandigings sal aanvaar word nie.

3.5.7 GEAKKREDITEERDE WERKSWINKELS

Mev. Alretha du Plessis dui aan dat die geakkrediteerde span bestaan uit die volgende persone:

- Raadslede insluitende: Praktykforum, Opleiding, Etiek, VPO, die president, vise presidente en immediate past president van SAPIK
- Prof. Anita Pienaar en
- Spesialiste met betrekkig tot die betrokke veld, indien nodig.

SAPIK geakkrediteerde geleenthede word na die geakkrediteerde span gestuur vir goedkeuring en daarna na die SAPIK lede. Mev. Alretha du Plessis verduidelik dat geen VPO punte verdien sal word indien werkswinkels nie deur SAPIK geakkrediteer is nie. Die persoon of organisasie wat die werkswinkel aanbied, moet dus by SACE / HPCSA / OT, ens geakkrediteerd wees. SAPIK lede word daaraan herinner dat hul die standaard wat SAQA van hul vereis moet handhaaf.

3.5.8 WERKSWINKELLYS

Mev. Alretha du Plessis dui aan dat daar ’n werkswinkellys op die SAPIK webtuiste is, maar ’n opgedateerde een sal binnekort beskikbaar wees. Mev. Alretha du Plessis noem aan die SAPIK lede dat indien hulle bewus is van werkswinkels wat beskikbaar is wat binne die Scope of practice van Kinderkinetika val, hul meer as welkom is om dit met SAPIK te deel.

3.5.9 UITDAGINGS OF GELEENTHEDE

Mev. Alretha du Plessis dui aan dat een van die uitdagings vir die nuwe VPO komitee gaan wees om ’n SAPIK geakkrediteerde werkswinkel vir Kinderkinetici te ontwikkel.

3.6 BEMARKINGSKOMITEE

3.6.1 WEBTUISTE

Prof. Dané Coetzee dui aan dat SAPIK regdeur die jaar die dokumente wat op die webtuiste beskikbaar is opdateer. Prof. Dané Coetzee versoek dat SAPIK lede asseblief enige probleme wat hul op die webtuiste ondervind aan SAPIK sal rapporteer sodat SAPIK aandag daaraan kan gee. Prof. Dané Coetzee noem ook dat dit ook die lede se verantwoordelikheid is om seker te maak dat hul inligting korrek op die webtuiste verskyn en indien daar foute is, dit aan die SAPIK administratiewe beampte gekommunikeer sal word.

3.6.2 BEWUSMAKINGSWEEK 2019

Prof. Dané Coetzee bedank die SAPIK lede vir hul betrokkenheid gedurende die bewusmakingsweek van 2019. Prof. Dané Coetzee dui aan dat die nuwe bemarkingskomitee tydens die Bosberaad aan die temas vir 2020 se bewusmakingsweek gaan werk en dat SAPIK beoog om dit hierdie keer vroeër as gewoonlik bekend te stel. SAPIK lede wat voorstelle vir temas vir 2020 se bewusmakingsweek het, is welkom om dit aan die SAPIK kantoor te komunikeer. Prof. Dané Coetzee noem dat daar ’n kompetisie geloots was om die praktyk te identifiseer wat die beste betrokkenheid getoon het tydens die bewusmakingsweek. Die praktyke wat ingeskryf het vir die kompetisie is:

- Bloem Kinderkinetics
- Jolly Tots Kinderkinetics
- Le Roux Kinderkinetika
- Leonie Kinderkinetics en
- Vanessa Kinderkinetics

Die SAPIK lede kyk na al die inskrywings wat ingstuur is en stem vir die wenner van 2019 se bewusmakingsweek kompetisie. Die stemme word getel en die wenner, Bloem Kinderkinetics, word aangekondig en ontvang geskenkpryse van die twee uitstallers wat by die Algemene Jaarlikse Vergadering (AJV) uitstal. Prof. Dané Coetzee dui aan dat hierdie kompetisie weer volgende jaar geloots gaan word en moedig SAPIK lede aan om daaraan deel te neem.

3.6.3 SOSIALE MEDIA: INSTAGRAM / TWITTER / FACEBOOK

Prof. Dané Coetzee dui aan dat SAPIK drie sosiale media platforms het wat hul tans gebruik. Voorstelle van die SAPIK lede om die webtuiste te verbeter of idees wat gebruik kan word, kan per e-pos aan die SAPIK kantoor gestuur word. Prof. Dané Coetzee noem dat lede kennis moet neem dat SAPIK nie terugvoer kan gee wanneer lede van hierdie vorm gebruik maak nie omdat dit anoniem is en SAPIK nie weet wie die navraag gerig het nie. So, indien lede terugvoering op klagtes verkies, moet hul verkieslik hul name met die klag indien. SAPIK lede word ook aangemoedig om hul bemarking met hierdie sosiale media blaaie te koppel #kinderkinetics.

3.6.4 BEMARKINGSMATERIAAL

Prof. Dané Coetzee dui aan dat SAPIK nogsteeds op die uitkyk is vir SAPIK lede om inligtingstukke te skryf, soos wat met die bewusmakingsweek gebruik is, om dit deur die loop van die jaar op SAPIK se sosiale media blaaie te plaas. SAPIK lede kan hul eie Kinderkinetika verwante onderwerpe kies en dit aan SAPIK e-pos. Prof. Dané Coetzee noem ook dat SAPIK, Kinderkinetika as ’n geheel wil bemark met die “K” logo wat op die armbandjies vir die bewusmakingsweek gedruk is. Mev. Alretha du Plessis word bedank vir haar bydrae met die druk en verspreiding van die armbandjies tydens die bewusmakingsweek. Prof. Dané Coetzee noem dat die SAPIK e-pos adres verander het en dat die nuwe epos adres op die nuwe logo van SAPIK verksyn. SAPIK logo’s wat deur SAPIK lede gebruik mag word, is vrylik op SAPIK se webtuiste beskikbaar. Die SAPIK lede moet kennis neem dat die afsnydatum vir die druk van SAPIK se nuwe logo op hul eie bermarkingsmateriaal einde 2021 is. Mev. Alretha du Plessis dui aan dat daar ander opsies is vir bemarkingsmateriaal in 2020. ’n Paar opsies word aan die lede gewys, naamlik:

- Armbandjies,
- Stres balletjies en
- Rugsakkies.

Die proses om die bemarkingsmateriaal te betsel gaan as volg geskied:

- SAPIK lede plaas bestelling by SAPIK kantoor
- SAPIK lede ontvang faktuur vanaf SAPIK kantoor
- SAPIK lede doen betaling aan SAPIK
- Produk word aan SAPIK lede gekourier (lid se verantwoordelikheid)

3.6.5 BEMARKINGSVIDEO

Prof. Dané Coetzee dui aan dat SAPIK drie van die vyf bemarkingsvideo's ontvang het en daarmee tevrede is. Die raad is egter nie tevrede met die kwaliteit van die laaste twee video's nie en gaan kyk om dit deur iemand anders te laat oordoen.

4. NUWE SAKE

4.1 SAPIK ADMINISTRASIE

Mnr. Barry Gerber verwys na die laaste 4 jaar se registrasie getalle en dui aan dat die onderstaande tabel die getalle van lede asook studente in opleiding insluit.

	2016	**2017**	**2018**	**2019**
Januarie	21	40	26	12 16 studente
Februarie	89	80	39	66
Maart	45	69	96	88 12 studente
April	6	4	8	17
Mei	0	0	0	1
	142	**198**	**204**	**212**

Mnr. Barry Gerber noem dat die meerderheid lede in die tydperk van 28 Maart tot en met 31 Maart registreer en dit veroorsaak dat die webtuiste dan oorval word. Mnr. Barry Gerber dui

ook aan dat lede moet seker maak wanneer hulle registreer, dat hul ‘n epos kry vanaf SAPIK wat hul registrasie bevestig.

4.2 SAPIK VERKIESING

Die volgende nominasies is ontvang vir hierdie SAPIK raad en komitees verkiesing:

1. Opleidingskomitee / *Training Committee*
Eileen Africa Elna de Waal Wilmarié du Plessis Xonné Haywood
2. VPO Komitee / *CPD Committee*
Lauren Bath Janie de Haast Carissa Jansen Leone Verster Chantelle Swiegelaar Lynné Kemp
3. Etiek Komitee / *Ethics Committee*
Louise Prinsloo Elzet Gous Elzabe de Klerk
4. Finansiële Komitee / *Financial Committee*
Louise Prinsloo Ewald Hattingh
5. Bemarkings Komitee / Marketing Committee
Amoré Taute Elani Fourie Vanessa Baumgarten Heide Merie Verster Jacqueline Strydom Francelle Kemp Cecile Mouton
6. Praktyk Forum / *Practice* Forum
Wilmarie Walters Elani Fourie Magda Marie Greyling Sharnay Botha Heide Merie Verster Hettie Lubbe

Prof. Dané Coetzee verduidelik dat daar nie vir die Opleidingskomitee gestem gaan word nie, omdat slegs een verteenwoordiger per opleidingsinstansie genomineer is. Dieselfde geld vir die Etiek komitee, omdat daar slegs drie nominasies vir hierdie komitee is, asook die

Finansiële komitee wat slegs een nominasie het. SAPIK lede gaan dus stem vir die volgende komitees:

- VPO
- Bemarking en
- Praktykforum

Die SAPIK lede ontvang almal stembriewe vir die onderskeie komitees en stem.

4.3 TEL VAN STEMME

Die stemme word getel en die volgende persone word aangewys vir die nuwe SAPIK komitees vir 2019– 2022:

Past President: Prof. Anita Pienaar

Immediate Past President: Prof. Dané Coetzee

President: Mr. Barry Gerber

Vice-President (Training, CPD, Fin, Ethics): Mev. Alretha du Plessis

Vice-President (Practice, Ethics, Marketing): Me. Gizelle Kruger

1. Opleidingskomitee / *Training Committee*
Wilmarié du Plessis Eileen Africa Elna de Waal Xonné Haywood
2. VPO Komitee / *CPD Committee*
Janie de Haast Lauren Bath Carissa Jansen
3. Etiek Komitee / *Ethics Committee*
Elzet Gous Louise Prinsloo Elzabe de Klerk
4. Finansiële Komitee / *Financial Committee*
Ewald Hattingh
5. Bemarkings Komitee / Marketing Committee
Jacqueline Strydom Vanessa Baumgarten Heide Merie Verster Francelle Kemp Cecile Mouton
6. Praktyk Forum / *Practice* Forum

Magda Marie Greyling - Voorsitter Wilmarie Walters Sharnay Botha Hettie Lubbe

5. PUNTE VANAF LEDE

5.1 ROL VAN MEDIESE FONDSE IN KINDERKINETIKA

Prof. Dané Coetzee dui aan dat SAPIK 'n navraag ontvang het rakende die eis van betalings vir programme deur praktyke aangebied by mediese fondse. Prof. Dané Coetzee verduidelik dat dit nie moontlik is nie aangesien SAPIK nie by die mediese raad gregistreer is nie.

6. KORRESPONDENSIE

Geen korrespondensie is ontvang nie.

7. AFSLUITING

7.1 VAARWEL BOODSKAP VAN HUIDIGE SAPIK PRESIDENT

Prof. Dané Coetzee lewer haar uittree boodskap as die huidige president van SAPIK:

My Vision as SAPIK President was:

To cultivate excellence, interdisciplinary collaboration and diversity. I also strive for integration between practice, research and education initiatives. Furthermore, I want to make sure that integrated curriculums are given to all the Kinderkinetic students to prepare them for the current and emerging areas of practice. I truly believe that SAPIK have moved forward with leaps and bounds this last few years, and I want to build on the foundation that is already been laid down by the first Board of SAPIK with Prof Pienaar as our first President. Lastly, my goal is to further the practice of Kinderkinetics in South Africa, where every Kinderkineticist can and must take pride in representing our profession, and other professions will know what Kinderkinetics is.

VISION and MISSION:

- *Is to be a scientific based profession operating in a professional, excellent and practical way to serve the community nationally and internationally with the following as our core mission:*
- *to sustain and develop the profession to a national and international recognized modality of intervention and prevention through physical activity;*
- *to benchmark ourselves against world-class standards;*
- *to provide outstanding education and training; and*
- *to contribute to society nationally and internationally.*

7.2 VERWELKOMINGSWOORD EN VISIE VAN SAPIK PRESIDENT 2019-2021

Prof. Dané Coetzee stel Mnr. Barry Gerber voor as die nuut verkose president van SAPIK. Mnr. Barry Gerber bedank Prof. Dané Coetzee vir haar harde werk en toewyding en oorhandig ‘n ruiker en geskenbewys aan haar as blyk van waardering vir die tydperk wat sy gedien het as die president van SAPIK. Mnr. Gerber dui aan dat hy daarna uitsien om as die president van SAPIK tesame met die Immediate past president, die Past president en die twee visie president vir SAPIK na nuwe hoogtes te neem en voort te bou op die nalatenskap wat deur Prof. Dané Coetzee en Prof. Anita Pienaar nagelaat is. Mnr. Barry Gerber dui verder aan dat sy visie die volgende is: “One day, all children in this nation will have an opportunity and the privilege to be a part of the Kinderkinetics wonder. The time is now… let’s take hands with other professions and invest in the future and well-being of our children and the leaders of tomorrow.” Hy dui verder aan dat deel van sy visie is om SAPIK nasionaal asook internasionaal uit te brei. Mnr. Barry Gerber noem dat hy ook sy verwelkomingswoord, visie en missie aan die SAPIK lede per e-pos sal kommunikeer.

7.3 DATUM EN TYD VIR AJV 2020

Mnr. Barry Gerber bedank die SAPIK lede wat die Algemene Jaarvergadering (AJV) bygewoon het, wens hul ’n voorspoedige terugreis toe en dui aan dat die Algemene Jaarvergadering (AJV) vir 2020 sal plaasvind op Saterdag, 23 Mei 2020. Die vergadering verdaag om 16:00.